education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESERING

## GRAAD 10

## REKENINGKUNDE V2
## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 baldsye, ‘n formuleblad en ‘n 8 bladsy-andwoordeboek.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ‘n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood of blou/swart ink gebruik om vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Kontrole rekeninge en Rekonsiliasies | 60 | 48 |
| **2** | Vaste Bates | 32 | 26 |
| **3** | Kosterekeningkunde | 32 | 26 |
| **4** | Begrotings | 26 | 20 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: KONTROLE REKENINGE, REKONSILIASIES EN INTERNE BEHEERMAATREëLS (60 punte; 48 minute)

### 1.1 UPTOWN HANDELAARS

Die inligting het betrekking op UPTOWN HANDELAARS vir die periode geëindig 31 Oktober 2024. Die besigheid maak gebruik van ‘n 75% winsopslag op kosprys.

**GEVRA:**

1.1.1 Stel die korrekte Debiteurekontrole rekening op vir Oktober 2024 nadat al die foute en weglatings in ag geneem is. (16)
**Let wel: Toon al die berekenigs om deelpunte te verdien.**

1.1.2 Stel die korrekte debiteurelys op 31 Oktober 2024 op. (18)

1.1.3 Verduidelik waarom ‘n Debiteurerekonsiliasie belangrik is, gee TWEE redes. (4)

1.1.4 Behalwe vir regstelling van foute, watter ander transaksies kan deel vorm van Joernaalkrediete in die Debiteurekontrole rekening? (2)

1.1.5 Die eienaar, Mnr Dawson, is bekommerd dat die debiteure nie hul rekeninge betyds vereffen nie. Verduidelik DRIE prosedures wat in plek gestel kan word om te verseker dat die debiteure betyds betaal. (6)

**INLIGTING:**

**Algemene Grootboek van Uptown Handelaars**
**Balansstaat rekeninge**
**Debiteurekontrole**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2024 Okt | 1 | Saldo | a/b | 98 650 | 2024 Okt | 31 | Bank en korting toegestaan | KOJ | 277 480 |
| | 31 | Verkope | DJ | 194 610 | | | Debiteureafslag | DAJ | 1 500 |
| | | Diverse rekeninge | AJ | 270 | | | Diverse rekeninge | AJ | 1 950 |
| | | | | | | | Saldo | o/d | 7 990 |
| | | | | 288 920 | | | | | 288 920 |
| Nov | 1 | Saldo | a/b | 7 990 | | | | | |

| **Debiteurelys op 31 Oktober 2024** | |
|---|---|
| Mdiniso | 2 760 |
| Twala | 6 840 |
| Nel | 1 440 |
| Ally | 2 190 |
| Vilakazi | 3 830 |
| | 17 060 |

**FOUTE EN WEGLATINGS**

A. Die Debiteurekontrole rekening se openings balans was onderbereken met R2 000.

B. Die totaal kolom van die Debiteureafslagjoernaal was oorbereken met R350.

C. ‘n Faktuur vir R1 950, uitgereik aan Nel, was korrek hanteer in die Debiteurejoernaal, maar was oorgeboek na die rekening van Ally in die Debiteuregrootboek.

D. ‘n Kredietnota wat uitgereik was aan Mdiniso vir R350, was nie geboekstaaf nie.

E. ‘n EFO vir R1 500, ontvang van Nel ter volle vereffening van sy rekening van R1 650, was korrek geboekstaaf in die toepaslike joernaal. Die boekhouer het egter vergeet om die korting in Nel se rekening aan te teken.

F. ‘n Kredietnota vir R980 was korrek geboekstaaf in die Debiteureafslagjoernaal, maar was oorgeboek as ‘n faktuur in die rekening van Vilakazi.

G. Geen inskrywing is gemaak vir rente gehef van R260 op die agterstallige rekening van Twala nie.

1.2 **TIM HANDELAARS**

**KREDITEUREKONTROLE REKENING**

Die volgende inligting het betrekking op die rekeningkundige rekords van TIM HANDELAARS vir September 2024.

**GEVRA:**

Voltooi die Krediteurekontrolerekening vir die maand geëindig 30 September 2024. Saldeer die rekening aan die einde van die maand. (14)

**INLIGTING:**

Saldo van die Krediteurekontrolerekening op 31 Augustus 2024: R 75 280

Krediteurejoernaal

| Krediteure-kontrole | Handelsvoorraad | Skryfbehoeftes | Herstelwerk | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| **?** | 10 870 | 1 470 | 800 | 1 790 |

Krediteureafslagjoernaal

| Krediteure-kontrole | Handelsvoorraad | Skryfbehoeftes | Herstelwerk | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| 1 505 | 1 250 | 70 | 150 | 35 |

Kontantbetalingsjoernaal

| Bank | Handels-voorraad | Skryf-behoeftes | Krediteure-kontrole | Korting ontvang | Herstelwerk | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 112 785 | 50 280 | 2 580 | 59 880 | 2 995 | 2 890 | 150 |

Algemenejoernaal

| Algemene Grootboek | | Debiteurekontrole | | Krediteurekontrole | |
|---|---|---|---|---|---|
| Debiet | Krediet | Debiet | Krediet | Debiet | Krediet |
| 7 655 | 7 655 | 280 | 250 | 1 200 | 85 |

**60**

**VRAAG 2: VASTE BATES** **(32 punte; 26 minute)**

**OLYMPIC WINKELS**

Die inligting het betrekking op Olympic Winkels vir die jaar geëindig 30 Junie 2024.

**GEVRA:**

2.1.1 Beskryf die historiese koste beginsel met betekking tot vaste bates deur ‘n voorbeeld te verskaf van hoe die beginsel toegepas word. (2)

2.1.2 Noem die AARP-beginsel wat van toepassing is by die boekstawing van waardevermindering op vaste bates. (2)

2.1.3 Verduidelik TWEE interne beheermaatreëls wat die eienaar van die besigheid kan implimenteer om die vaste bates te beskerm. (4)

2.2 Bereken die ontbrekende bedrae in die Vaste bate aantekening van Olympic Winkes op 30 Junie 2024. (24)

**INLIGTING:**

| | **Grond & geboue** | **Voertuie** | **Toerusting** |
|---|---|---|---|
| **Drawaarde: begin van die jaar** | ***** | 240 000 | **2.2.6** |
| Kosprys | **2.2.1** | 550 000 | 450 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | - | **2.2.3** | (180 000) |
| **Bewegings** | | | |
| Toevoegings | **2.2.2** | **2.2.4** | **** |
| Waardevermindering | - | **2.2.5** | **2.2.7** |
| **Drawaarde: einde van die jaar** | | | |
| Kosprys | 1 300 000 | 700 000 | ***** |
| Opgehoopte waardevermindering | - | ***** | ***** |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

(i) ‘n Faktuur is gedurende die jaar van Builders Suppliers ontvang vir die volgende:

| | |
|---|---|
| Nuwe stoorkamer | R450 000 |
| Herstelwerk aan die bestaande gebou | R 20 000 |
| | R470 000 |

(ii) ‘n Nuwe voertuig is op 1 November 2023 kontant aangekoop.

(iii) Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% per jaar op die kosprys.

(iv) Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% per jaar op die verminderende saldo metode.
Nuwe toerusing met ‘n kosprys van R18 600 is op 31 Desember 2023 op krediet aangekoop. Die transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

**32**

**VRAAG 3: KOSTEREKENINGKUNDE** **(32 punte; 26 minute)**

3.1 **VERVAARDIGINGSKONSEPTE**
Kies die beginsel uit KOLOM B wat by die verduideliking in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer. (5)

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Hierdie koste bly dieselfde. Dit verander nie soos die produksie van eenhede toe of afneem nie. | A Direkte Arbeid |
| 3.1.2 | Alle koste wat nie direk betrokke is in die vervaardiging van produkte nie. | B Primêre koste |
| 3.1.3 | Die totale koste wat direkte material en direkte arbeid insluit. | C Vaste koste |
| 3.1.4 | Die salarisse van personeel wat direk betrokke is in die vervaardiging van goedere. | D Indirekte Arbeid |
| 3.1.5 | Die koste van die salaris van die fabriek se skoonmaker. | E Vervaardigings Bokoste |

3.2 Dan Sithole vervaardig en verkoop hout meubels uit palette. Die verkoopprys per bank is R 2 500. Hierna volg 'n opsomming van al sy kostes vir Oktober 2023. Hy het 500 banke vervaardig gedurende Oktober 2023.

**GEVRA:**

Bereken:

3.2.1 Direkte materiaalkoste per bank. (4)

3.2.2 Totale vervaardigings bokoste vir Oktober 2023. (5)

3.2.3 Totale produksiekoste vir Oktober 2023 indien 500 banke vervaardig word. (7)

3.2.4 Produksiekoste per eenheid. (3)

3.2.5 Wat is die winspersentasie wat Dan verdien in Oktober 2023, indien 'n bank verkoop word vir R2 500 elk? (4)

3.2.6 Verduidelik die verskil tussen vaste koste en veranderlike koste. (4)

**INLIGTING:**

| **Koste per bank** | |
|---|---|
| Hout per bank | R500 |
| Spykers per bank | R20 |
| Verf per bank | R50 |
| Lone per voltooide bank | R1 000 |
| **Koste per maand** | |
| Salaris van die fabrieksvoorman | R5 000 |
| Huur van die fabriek | R8 000 |
| Water en elektrisiteit van die fabriek | R2 500 |
| Indirekte materiaalkoste | R 500 |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: BEGROTINGS (26 punte; 20 minute)

### 4.1 KONSEPTE

Kies die korrekte term uit dié wat tussen hakkies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. (5)

4.1.1 ‘n (Kapitaal/Kontant) begroting is ‘n staat van geskatte ontvangstes en batalings vir ‘n spesifieke tydperk.

4.1.2 ‘n (Kapitaal/Kontant) begroting is ‘n vooruiskatting van toekomstige besteding op vaste bates.

4.1.3 ‘n (Kort-/Lang-) termyn begroting is ‘n begroting wat voorberei word vir ‘n 3 tot 6 maande tydperk.

4.1.4 (Begrotingsrede/Belasting) is die grootste bron van inkomste vir die regering.

4.1.5 (Surplus/Tekort) ontstaan wanneer die sluitingsaldo van die kontantbegroting positief is.

4.2 Verduidelik kortliks waarom dit belangrik is vir ‘n besigheid om ‘n begroting op te stel. (2)

4.3 Wat is die hoofdoel van ‘n kontantbegroting? (2)

4.4 Noem TWEE items wat nie in die kontantbegroting sal verskyn nie. (2)

Kopiereg voorbehou 

4.5 **TULANI WINKES**

**GEVRA:**

Bereken die ontbrekende getalle vir April en Mei 2024 gemerk 4.5.1 tot 4.5.7. (15)

**INLIGTING:**

**KONTANTBEGROTING VIR DIE PERIODE APRIL TOT MEI 2024**

| **ONTVANGSTES** | **April** | **Mei** |
|---|---|---|
| Kontantverkope | 297 000 | **4.5.1** |
| Huur inkomste | 15 000 | 15 000 |
| **Totale ontvangstes [A]** | **312 000** | **4.5.2** |
| **BETALINGS** | | |
| Kontant aankope van handelsvoorraad | 198 000 | 207 900 |
| Salarisse | **4.5.3** | 64 949 |
| Advertensie | 2 000 | 2 000 |
| Onttrekkings | 4 000 | 4 800 |
| Diverse uitgawes | 22 100 | **4.5.4** |
| Verband betalings | 16 300 | 16 300 |
| Nuwe toerusting | - | 15 000 |
| **Totale betalings [B]** | **302 292** | **4.5.5** |
| Kontant surplus (tekort) [A – B] | 9 708 | (6 755) |
| Bank: openingsaldo | 14 000 | **4.5.6** |
| Bank: sluitingsaldo | **23 708** | **4.5.7** |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

(i) Dit word verwag dat verkope sal toeneem met 5% in Mei 2024.
(ii) ‘n Salarisverhoging van 7% sal op 1 Mei 2024 in werking tree.
(iii) Dit word verwag dat diverse uitgawes met 5% per maand sal toeneem.

**26**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIëLE AANWYSERSFORMULEBLAD | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates: Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste | |
| (Handels en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$ | Totale bates : Totale laste | |

Kopiereg voorbehou